H. B. Thom.
191. T. 7 (101)

# DIE STAAT EN DIE UNIVERSITEIT

## Terugblik en Vooruitskouing
(met verwysing na blanke Universiteite)

Deur Prof. H. B. Thom,
Voorsitter, Adviserende Raad op Universiteite

Referaat gelewer op die simposium van die
Universiteit van Suid-Afrika oor die tema:

Die Universiteit op pad na die jaar 2000.

Plek: Senaatsaal, Universiteit van Suid-Afrika.
Tyd: Donderdag 18 September 1980, 10h30

## INLEIDING:

Ons let op die onderwerp waaroor ek verantwoordelik is: Die Staat en die Universiteit: Terugblik en vooruitskouing. Uit die oogpunt van die Staat en die Universiteit is dit 'n onderwerp van kardinale belang, en tegelyk van geweldige om= vang. Die Staat en die Universiteit is twee van ons vernaamste lewensverbande. Hulle is in baie opsigte afhanklik van mekaar; hulle het bondgenote van mekaar geword. Op verskeie plekke in ons land het universiteite ontstaan; en dinamiese universiteits= gemeenskappe, met hul dosente en studente, met die invloed wat van hulle uitgaan en die vereistes wat hulle meebring,

het 'n bruisende onderdeel van ons nasionale lewe geword.

By ons, soos in alle beskaafde lande, staan lewensverbande in kousale betrekking met mekaar. Dit sien ons veral na aanleiding van die universiteite. Hulle is lank nie meer ivoortorings van heerlike afsondering nie; inteendeel, hulle het midde in die alledaagse lewe te staan gekom. Dit is húlle wat die beste breinkrag saamtrek, wat begrippe suiwer, oorspronklike denke stimuleer en die manne en vroue lewer om in beleid en uitvoering leiding te neem. Die Staat, wat regtens vir rus en vrede en vooruitgang in die land verant=woordelik is, en wat oor die finansiële bronne beskik om sy verantwoordelikheid na te kom, kan nie sonder die universi=teite klaarkom nie. Ons het rede om te sê dat ons onderwerp van kardinale belang is.

Maar dit is tegelyk van geweldige omvang. Tussen die Staat en die Universiteit is daar uit die aard van die saak 'n groot verskeidenheid van raakpunte, 'n menigte terreine van weder=sydse beïnvloeding, asook menigvuldige wisselwerking tussen die beïnvloeding wat op mekaar uitgaan.

Die omvang van die onderwerp word duideliker wanneer ons daaraan dink dat sowel 'n terugblik as 'n vooruitskouing verlang word. Die veld lê so wyd dat dit 'n onbegonne taak is om dit in sy volheid na te gaan.

En tog kan ek met my onderwerp geen fout vind nie. Op kongresse en simposia word onderwerpe dikwels so geformuleer dat hulle 'n groot gebied dek; en dan word dit van referente verwag om 'n bespreking te bied wat op verteenwoordigende hoofsake konsentreer, en om aldus 'n ewewigtige beeld te gee. Die modus wat ek voorstel, is dat ons van die menigte beson=derhede vergeet en slegs op drie hoofpunte let: skepping van universiteitsgeriewe, akademiese werk, en finansiële aangeleenthede. Hieruit moet die essensiële rakende die betrekking Staat/Universiteit dan na vore tree.

SKEPPING VAN UNIVERSITEITSGERIEWE:

Dit val 'n mens op dat in Suid-Afrika, net soos in baie ander lande, die daarstelling van inrigtings vir hoër onderwys dikwels van groepe private persone uitgegaan het. Gewoonlik is hulle deur die een of ander kultuurband, byvoorbeeld kerk of taal, saamgebind: hulle is hulle van 'n diepliggende gemeenskaplike geestelike behoefte bewus en hulle verlang dat hul jongmense in die gees van daardie behoefte opgevoed word.

Dié patroon word geïllustreer deur ons oudste inrigtings vir tersiêre onderwys. Die ou South African College, wat in 1829 in Kaapstad gestig is, en waaruit later die Universiteit van Kaapstad gegroei het, was die regstreekse gevolg van die ywer en optrede van vooraanstaande kultuur- en sakeleiers, en veral van manne van die Nederduits-Gereformeerde Kerk.

Die ou Stellenbosch-Gimnasium, wat in 1866 gestig is en
die voorloper van agtereenvolgens die Stellenbosch-Kollege, die
Victoria-Kollege en die Universiteit van Stellenbosch geword
het, was weer die resultaat van die werk van 'n aantal voor=
aanstaande plaaslike ingesetenes, vernaamlik predikante van
die N.G. Kerk. Hulle het veral twee oogmerke gehad: "een
grondig onderwijs in de vakken welke tot een beschaafde
opvoeding gerekend worden"; en voorbereiding van studente
vir toelating tot die Teologiese Kweekskool van die Kerk,
wat sewe jaar tevore op Stellenbosch gestig was.

Vervolgens het die staatsowerheid dan in terme van bestaande
of nuwe wetgewing simpatiek toegetree. Betekenisvolle
vroeë wetgewing in hierdie verband is byvoorbeeld die ou
Kaapse Onderwyswet van 1865, en veral die uiters belangrike
Wet No. 16 van 1873, waardeur die Universiteit van die Kaap
die Goeie Hoop in die lewe geroep is.

'n Ander patroon word ná Uniewording (1910) ingevoer. Dit
het nie onmiddellik gebeur nie, maar geleidelik na mate in=
vloedryke groepe hulle vir onafhanklike universiteite beywer
het. Die vernaamste stap word in 1916 gedoen, toe die Unie=
parlement drie wette aangeneem het, te wete Nos. 12, 13 en 14
van daardie jaar, wat vir drie universiteite voorsiening maak,
te wete die Universiteit van Suid-Afrika, dié van Stellenbosch
en dié van Kaapstad onderskeidelik. Die eerste was 'n fede=
rale universiteit, wat uit konstituerende universiteitskolleges

bestaan het; die tweede en die derde onafhanklike universiteite in eie reg.

Terselfdertyd is aan die samestellende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika die vryheid gelaat om hulle vir eie opbou en uitbreiding te beywer, en selfs om, wanneer hulle sterk genoeg geword het, selfstandige universiteitstatus aan te vra. Met verloop van tyd het dit dan ook gebeur: die ou Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie het in 1922 die Universiteit van die Witwatersrand geword, die Transvaalse Universiteitskollege in 1930 die Universiteit van Pretoria; en gedurende die jare 1949 - 1951 het die Universiteit van Natal, die Universiteit van Oranje-Vrystaat, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en Rhodes Universiteit gevolg.

Enige jare later kom daar vertoë dat twee verdere universiteite gestig moet word. Dit het eindelik daarop uitgeloop dat die Universiteit van Port Elizabeth ingevolge Wet No 1 van 1964 gestig is, en die Randse Afrikaanse Universiteit ingevolge Wet No. 51 van 1966. Hiermee is die patroon van ons blanke universiteite voltooi: daar is tien residensiële universiteite, vyf met voertaal Afrikaans (Stellenbosch, Pretoria, Oranje-Vrystaat, Potchefstroom en Randse Afrikaanse Universiteit), vier met voertaal Engels (Kaapstad, Witwatersrand, Natal en Rhodes), een met albei media (Port Eliza=

beth); en origens een universiteit vir afstandsonderrig, die Universiteit van Suid-Afrika vir blank en nie-blank, wat ook Afrikaans en Engels gebruik.

'n Paar opvallende eienskappe van die proses van universi= teitstigting tree na vore. In die gevalle van al die residensiële universiteite was daar in die betrokke gemeen= skappe sterk vertoë van invloedryke persone en instansies, wat soms vanuit die res van die land steun gekry het. Die landsowerheid het nie die inisiatief geneem nie; die plaaslike gemeenskap het na vore gekom, die behoefte bewys, fondse ingesamel en ook goeie aanduidings van die lewensvatbaarheid van die voorgestelde inrigting gegee. Eers wanneer dit gebeur het, het die landsowerheid gekom en die nodige erken= ning en hulp verleen.

'n Tweede eienskap is dat universiteite by ons op die grond= slag van landswetgewing ontstaan het. Elke universiteit het sy eie wet waarin sy samestelling, sy regte en verantwoordelik= hede omskryf word. Dit is die basiese instrument waarop vervolgens statute en regulasies gebaseer is. Vir die universi= teite lê hierin 'n baie bevredigende bedeling, want hulle word tot statutêre liggame met eie regspersoonlikheid verhef; hul magte en verpligtinge word beskerm, en veral word hul outonomie op die hoogste vlak gewaarborg.

'n Ander eienskap, wat vir die wordingsproses van die
meeste van ons universiteite geld, is dat hulle die pad
van ondergeskikte kolleges geloop het, eers gewoon los=
staande kolleges op sekere sentra, en later samestellende
kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika. Hulle het
volop geleentheid gehad om vanuit 'n klein begin verder te
bou, om hul lewensvatbaarheid te bewys en om onder die
oorkoepelende leiding van die Universiteit van Suid-Afrika
'n stadium te bereik waar hulle selfstandigheid kan aanvaar.
Dat dit vir hulle wins was, in so ver hulle gesonde bouwerk
kon doen, sal nie betwyfel word nie.

Daar is twee uitsonderings, die Universiteit van Port
Elizabeth en die Randse Afrikaanse Universiteit. Soos bekend
is, was hulle nooit kolleges nie, ook nie kolleges van die
Universiteit van Suid-Afrika of enige ander universiteit nie;
hulle is gewoon op die grondslag van hul eie wette ~~en~~ as vol=
waardige universiteite in die lewe geroep. Die vraag is al
gestel of dit nie beter sou gewees het as hulle ook die pad
van die ander gevolg het nie, maar dit is natuurlik nie nou
meer die tyd om hieroor te praat nie.

'n Laaste opvallende eienskap: Soos die stigting van die eerste
twee residensiële universiteite die uitvloeisel van die die=
per geestelike behoeftes van ons twee groter blanke taal- en kul=
tuurgroepe was, sō was dit ook met die residensiële universi=
teite wat later gekom het: hulle is gestig omdat ōf die Afri=
kaanse ōf die Engelse kultuurgroep die behoefte daaraan

gevoel het.

Hier is die Universiteit van Port Elizabeth 'n uitsondering. Daar is ten tyde van sy stigting geoordeel dat, vanweë omstandighede in Oos-Kaapland, hy nie 'n bepaalde aksent moet dra nie, maar die twee kultuurgroepe op gelyke grondslag moet dien. Vandaar dat nie aan die een of ander taalmedium voorkeur gegee is nie, maar die twee media op gelyke voet langs mekaar geplaas is, 'n beleid wat die universiteit nog steeds onomwonde voorstaan.

Kyk ons nou vorentoe, dan vra ons ons af: Wat van nuwe universiteite in die toekoms? Die vraag is ter sake, want in die afgelope jare het verskeie gemeenskappe kom vra dat universiteite by hulle gestig moet word.

'n Oorvloed statistieke rakende getalle van die bevolking en behoeftes op verskillende gebiede sou aangehaal kon word om die wenslikheid al dan nie van nuwe universiteite toe te lig. Ons volstaan egter met die gevolgtrekkinge waartoe verantwoordelike instansies na grondige ondersoek gekom het.

Die bekende Van Wyk de Vries-Kommissie het in sy hoofverslag (1973) bevind dat daar in die volgende dekades, "geen behoefte bestaan aan nuwe volwaardige universiteite nie en dat die land dit in elk geval nie kan bekostig nie." Onder sy

aanbevelings sê die kommissie dan ook kategories: "Dat die tien residensiële blanke universiteite en Unisa organi= satories, administratief en akademies vir die volgende drie of vier dekades doeltreffend in die behoefte aan universitêre onderwys sal kan voorsien." Dit is 'n oor= tuiging wat kort daarna deur die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister volmondig onderskryf is; en dit is ook die gevoel in die Adviserende Raad op Universiteite, wat voortdurend aan die universitêre behoeftes van ons land aandag wy. Dit lyk dus uitgeslote dat daar gou weer nuwe, selfstandige universiteite vir blankes in die Repu= bliek sal ontstaan.

Dit beteken nie - en die Van Wyk de Vries-Kommissie het dit ook eksplisiet sô gestel - dat daar nie verdere behoeftes aan universiteitsgeriewe sal ontstaan of dat bestaande be= hoeftes nie sal uitbrei nie. Dit sal wel gebeur, maar dan moet die oplossing nie in nuwe universiteite gesoek word nie, dog eerder in die uitbreiding van bestaande universiteite, moontlikerwyse in die vorm van takke, satellietkampusse of geassosieerde kolleges. Dit kan 'n soepele stelsel wees: in elke geval waar daar 'n werklike behoefte is, moet besluit word watter besondere vorm van uitbreiding die geskikste sal wees en op watter plek dit moet kom.

Vanselfsprekend sal 'n sorgvuldige opname van bestaande fasiliteite gemaak moet word, om te verseker dat sulke fasili=

teite optimaal benut word. Universiteite sal dus nie in afsondering van mekaar gesien kan word nie, soos in die verlede soms wel gebeur het. Universiteitsfasiliteite is vandag veels te duur om geheel of ten dele ongebruik gelaat te word, of om by 'n hele aantal inrigtings fasiliteite te voorsien, terwyl fasiliteite by byvoorbeeld een of twee universiteite vir die land voldoende sou gewees het.

Om die beste resultate te behaal, sal die mannekragstudies waarmee vandag al veel vordering gemaak is, nog aansienlik uitgebrei en verfyn moet word. 'n Studie van hierdie aard, wat binne die Departement van Nasionale Opvoeding uitgevoer word, sal met name vir die universiteite rigtinge kan aanwys. 'n Mens moet immers 'n betroubare beeld hê van wat die land nodig het, en vorentoe nodig sal kry, as jy wil beoordeel hoeveel manne en vroue aan universiteite opgelei moet word. Dit kom daarop neer dat daar behoorlik gerasionaliseer sal moet word; die hedendaagse - veral Amerikaanse - "economy of waste" het al baie slagoffers geëis; ons moet sorgdra dat dit nie ook ons universiteitswese inhaal nie.

Dit is die taak van veral twee liggame om die leiding te neem, die Komitee van Universiteitshoofde en die Adviserende Raad op Universiteite. Daar bestaan vandag tussen hulle noue, gelukkige samewerking, wat groot belofte vir die toekoms inhou. Die verantwoordelikheid sal veral rus op die Adviserende Raad op Universiteite, want hy het die taak om die Minister van Nasionale Opvoeding te adviseer oor

sake soos die bepaling van akademiese behoeftes, die vestiging van nuwe universiteitsgeriewe, die instelling van fakulteite, departemente en grade, en so meer.

Nog 'n punt verdien aandag: Ons het na die wette van universiteite verwys. In die Wet van 'n universiteit word onder andere sy setel genoem; en dan mag hy sy akademiese werk, sy gereëlde klasse en eksamens, net binne die grense van sy setel verrig. Gaan hy daarbuite, is dit 'n vraag of die betrokke akademiese werk status geniet, en of grade wat ten volle of ten dele op grond daarvan toegeken word, wel wettig is.

Dit het al gebeur dat universiteite buite hul onderskeie setels akademiese werk doen, en dan minstens ten dele op grond daarvan grade toeken. Nêrens was daar kwade bedoelinge nie: in sekere gevalle was die universiteit hom nie van die betreffende vereiste bewus nie; in ander het hy goeder=trou gemeen dat daar geen beswaar kan wees nie so lank hy maar 'n openbare diens lewer en goeie akademiese werk verrig.

Ek wil 'n beroep op universiteite doen om intern op hierdie probleem in te gaan en hulle te vergewis dat hulle korrek optree. Anders kan daar verwarring en onmin onder universi=teite ontstaan, en tekens hiervan het ookal onder die aandag van die ARU gekom. Met die oog op goeie orde in die toekoms,

sal dit noodsaaklik wees dat 'n universiteit, indien hy buite sy setel wil optree, eers die vereiste stappe doen om dit in orde te bring. Indien daar twyfel bestaan, sal dit nodig wees dat die betrokke universiteit met die Departement in verbinding tree.

AKADEMIESE WERK:

Laat ons by die tweede hoofpunt kom. Akademiese werk maak die ware raison d'être van universiteite uit: hulle moet onderrig gee; hulle moet kennis bewaar; hulle moet nuwe kennis soek. Hiervoor is universiteite sedert oudsher in die lewe geroep, en hiervoor bestaan hulle vandag nog. Die mate waarin hulle aan hierdie diepere wese getrou bly, bepaal die waarde wat hulle vir die maatskappy het.

Daarom is die noodsaaklik dat hulle in staat sal wees om rustig en onbevrees met hul werk voort te gaan. Op die Staat, ter wille van die maatskappy met al sy gemeenskappe, rus die plig om toe te sien dat dit gebeur. Om verstaanbare redes is daar tradisioneel sprake van die vryheid en outonomie van die Universiteit. Hierdie vryheid en outonomie sentreer om één punt, die akademiese werk van die Universiteit, die "bestaansrede" van die Universiteit. Wanneer dit nie meer om dié punt gaan nie, kan daar nie meer sprake van vryheid en outonomie wees nie - dan is die universiteit nie méér "vry" en nie méér "outonoom" as die gewone indiwidu en

die private instansie nie.

Hierdie situasie is van die begin af deur sowel owerheid as universiteitsinrigting begryp. Dit tref 'n mens dat ons vroeë kolleges, ofskoon nog maar klein en in baie opsigte glad nie vergelykbaar met die later selfstandige universiteite nie, vry ongestoord met hul werk voortgegaan het. Dit is wel so dat sekeres soms teen die onderwysbeleid in verset gekom het, maar dan het dit om nasionale en kulturele belange gegaan, en nie om akademiese werk as sodanig nie. Ook was so 'n verskil gewoonlik kortstondig van aard, en as dit verby was, het die akademiese werk ongestoord voortgegaan.

Botsing.

Eers later het daar tussen die Staat en sekere universiteite werklike botsings voorgekom, wat heelwat onmin veroorsaak het en selfs vandag nog nie heeltemal bygelê is nie. Dit was die gevolg van stappe in verband met die nie-blanke universiteitskolleges, die latere nie-blanke universiteite: die Noorde (1959), Zoeloeland (1959), Wes-Kaapland (1960), Fort Hare (1960) en Durban-Westville (1961). Die stigting van hierdie inrigtings, en veral die feit dat gekleurdes na hul eie inrigtings gekanaliseer is en slegs met verlof van die betrokke minister tot blanke universiteite toegelaat kon word, is deur die Engelstalige universiteite beskou as flagrante inmenging met die vryheid en outonomie van universiteite.

In skrille kontras met die houding van hierdie universi= teite het dié van die Afrikaanstalige inrigtings gestaan. Hulle het die stigting van nie-blanke universiteitsinrig= tings en die maatreëls dienaangaande, as 'n onderdeel van die owerheidsbeleid in sake die verskillende bevolkingsgroepe gesien, en genoeë daarmee geneem so lank daar nie inmenging met hul akademiese werk as sodanig was nie. Wat dit betref, het hulle ook nie klagte gehad nie, want die Staat het, on= danks verskille van mening oor die implikasies van sy rasse= beleid ten aansien van die universiteite, aan alle universi= teite rustig hul finansiële ondersteuning laat toekom, en hulle kon ongehinderd met hul akademise werk voortgaan.

Die bedeling wat uit die verlede tot ons gekom het, bevat verskeie ander elemente wat ten aansien van akademiese werk die betrekking tussen Staat en Universiteit raak. Dit is uitvloeisels van die universiteite se onderskeie wette, van hul onderskeie statute, van die gemeenskaplike statuut, en dan ook veral van die hoogs belangrike konsoliderende Wet No. 61 van 1955. Laat ons net op 'n paar tekenende voor= beelde van sulke elemente let.

Die Staat het hom agter die universiteite geskaar om hulle in hul besondere posisie, met hul regte en bevoegdhede, te be= veilig. Die Universiteit het sy eie gesagstruktuur: sy Raad, Senaat en Komitees; hy het sy eie ampsdraers: Kanselier, Rektor, Registrateur en dosente; en hy is verantwoordelik

vir sy eie bestuur en administrasie. Van buite af kan sy optrede nie regtens bevraagteken word nie, behalwe natuurlik as hy landswette sou oortree.

Ooreenkomstig besluite van sy Raad kan hy die funksies van sy beamptes bepaal; kan hy beamptes aanstel en afdank, met dien verstande dat 'n beswaarde hom binne 'n bepaalde tydsbestek op die Minister van Nasionale Opvoeding kan beroep. Daar was 'n tyd toe universiteite verlof van die Staat moes kry om dosente aan te stel, maar hulle is met verloop van tyd gemagtig om dit ooreenkomstig eie goedvinde te doen en die Staat dan net van aanstellings kennis te gee.

In nasionale belang het die universiteite nadruklike besker=ming in hul reg van grade-toekenning. In die verlede het dit in ons land gebeur dat buite-universitêre instansies toegang tot die tersiêre onderwysterrein gekry en pogings aangewend het om grade te verleen. Trouens in verskeie lande van die wêreld gebeur dit vandag wel dat nie-universi=têre instansies grade toeken.

By ons is in die genoemde Wet No. 61 van 1955 bo alle twyfel neergelê dat slegs universiteite bevoeg is om grade toe te ken; en kategories word enige instansie wat nie 'n universi=teit is nie, verbied om voor te gee dat hy 'n graad kan verleen,

of studiekursusse kan aanbied wat in inhoud en gehalte gelykstaan aan die kursusse van universiteite. Vir inlig= ting mag ek byvoeg dat die ARU nie so lank gelede nie nog in opdrag van die Minister 'n aansoek van 'n private opvoed= kundige instansie om sekere grade toe te ken, oorweeg het; en dat die ARU die Minister sonder huiwering kon meedeel dat dit nie toegelaat kan word nie, eenvoudig omdat dit onwettig sou wees.

In die betrekking Staat/Universiteit gaan dit ten opsigte van akademiese aangeleenthede, nie net om beskerming van die universiteite nie, maar die universiteite het ook verpligtinge wat nougeset nagekom moet word. Ons het reeds op die beperking vanweë die setel gewys. Ook wat grade betref, is daar beper= kings. 'n Baie belangrike kwalifikasie geld hier: universi= teite mag slegs dié grade toeken waartoe hulle ingevolge hul onderskeie wette en statute gemagtig word en geen ander nie. En dié waartoe hulle gemagtig is, kan deur studente verwerf word slegs ná aflegging van 'n eksamen of 'n ander toets, waardeur bewys van die nodige standaard van bekwaamheid gele= wer word.

Dit lê egter voor die hand dat 'n lewende, groeiende universi= teit nie kan bly staan net by studiekursusse waartoe sy wet en statuut hom magtiging verleen nie. Die bevolking groei

aan, lewensomstandighede verander en nuwe behoeftes ontstaan, met die gevolg dat nuwe departemente, fakulteite en grade ingestel moet word. Maar dit moet op weloorwoë wyse gebeur, sodat ook hier, naas die belange van die universiteite self, dié van die land as geheel gedien word.

In hierdie verband het ons 'n stelsel opgebou wat basies verdienstelik is, en in die jongste jare - sedert die instel= ling van die ARU - nog meer doeltreffend funksioneer. Volgens wetsvereiste moet universiteite, wanneer hulle sulke nuwe rigtinge wil inslaan, goed gemotiveerde aansoeke inlewer: hulle moet verduidelik wat die behoefte is, watter voorsiening aan ander universiteite bestaan, hoeveel studente verwag word, en watter addisionele toerusting, huisvesting en personeel nodig sal wees. Die vertoë word vervolgens aan die ARU voor= gelê, wat aldus in staat gestel word om 'n verantwoorde, objektiewe aanbeveling aan die Minister te doen. Ons sien dat tegelyk die funksie van die universiteite en die welsyn van die land in die oog gehou word.

Dit is nodig om ook op die kwessie van verslaggewing deur universiteite aan die Staat te let. Reeds sedert die tyd van die drie wette van 1916 (Nos. 12, 13 & 14) is die universi= teite verplig om jaarliks oor hul aktiwiteite aan die Staat te rapporteer. Die vorm wat dit aanneem, is enersyds 'n finansiële verslag oor inkomste en uitgawe, en andersyds 'n verslag aan die hand van statistiese opgawes rakende sake van akademiese aard.

Hierdie verslae is gereeld deur die Departement ontvang, en in minder of meerdere mate ~~mate~~ het hulle ook aandag geniet, maar veel waarde het hulle tog nie gehad nie, nóg vir die universiteite nóg vir die Staat. Die besondere items op die verslae is nie behoorlik gekorreleer nie, met die gevolg dat die universiteite self moeilik kan beoordeel wat hulle in terme van akademise werk gepresteer het, terwyl die Staat in die verslae ook nie bra 'n geskikte kontrolemiddel gevind het nie. Dit is een van die sake waaraan tans aandag gewy word, en in ons toekomsblik sal ons weldra weer hierop terug kom.

In die onderhawige verband kan nog enkele verdere punte genoem word. Dit is reeds lankal só dat universiteite nie na willekeur persone as studente vir grade mag inskryf nie. Sedert 1916 speel die Gemeenskaplike Matrikulasieraad 'n beslissende rol, in so ver hy beheer voer oor die standaard van die eksamen wat toelating tot universiteite se graadkursusse verleen. Hierdie reëling word afdwingend gemaak - en die posisie van die GMR versterk - deurdat in ~~die~~ Wet No. 61 van 1955 en in die Gemeenskaplike Statuut neergelê word dat slegs studente wat minstens oor 'n matrikulasie-vrystellingssertifikaat beskik, tot die studie vir B.-grade toegelaat mag word. Die GMR is deur wetgewing in 'n sleutelposisie geplaas; maar die vrees wat al uitgespreek is, te wete dat die Raad ten opsigte van universiteite 'n kwasi-diktatorrol

kan speel, is nie gegrond nie, veral omdat die universiteite oor 'n meerderheid in die Raad beskik.

In terme van statute is daar nog verskeie ander voorskrifte wat kortliks opgesom kan word. Daar word vereistes neergelê betreffende die toelating van studente tot nagraadse kursusse, en die tydperk wat studente moet resideer om bepaalde grade te verwerf; vereistes betreffende die oorskakeling van studente van een universiteit na 'n ander; en ook vereistes betreffende die onderlinge erkenning deur universiteite van kursusse en grade.

Wat sulke punte aangaan, is dit opvallend dat daar nie stappe gedoen is om sonder meer in akademiese sake van universiteite in te meng nie, maar eerder is reëlings getref om goeie orde in akademiese aangeleenthede te verseker. Só het die universiteite dit self ook verstaan, soos bewys word deur die feit dat hulle op baie maniere, onder andere met gesamentlike optrede deur middel van die Komitee van Universiteitshoofde, saamgewerk het om sodanige reëlings te bewerkstellig.

Wat die betrekking Staat/Universiteit aangaan, het daar in so ver dit met die interne akademiese werk van universiteite verband hou, 'n gelukkige bedeling tot ons gekom. Die Staat het hom nie met die akademiese werk van universiteite ingelaat nie, en universiteite kon binne hul eie mure ongehinderd

met hul taak voortgaan.

In die jare wat voorlê, sal hierdie bedeling nougeset bewaar moet word. Universiteite sal hul beheer oor hul akademiese werk ongeskonde moet behou, ten einde deur eie inisiatief die land se belange onder steeds veranderende omstandighede op die beste wyse te dien. Dit is 'n gelukkige feit dat die Staat na aanleiding van die Van Wyk de Vries-Verslag die universiteite as die leiers op die gebied van die onderwys sien, en dat hy hulle volle geleentheid wil gee om binne ons erkende patroon in hul akademiese sake self beheer te voer.

Vir die toekoms is dit ook wenslik dat daar tussen die onder=skeie masjinerie van die Staat en die universiteite, met name die ARU en die KUH, samewerking en begrip sal wees. Van die tyd af toe die ARU na aanleiding van 'n aanbeveling van die Van Wyk de Vries-Kommissie in die lewe geroep is, het hy moeite gedoen om goeie samewerking van die KUH te kry; en ek is dankbaar om te kan sê dat die reaksie van die KUH positief was. Dit het by die ARU gewone gebruik geword om in verband met belangrike akademiese sake die KUH te raadpleeg voordat 'n advies aan die Minister gestuur word; en die KUH het weer van sy kant die ARU geredelik uitvoerige memoranda laat toekom.

Daar ontstaan natuurlik soms moeilike situasies. Vir die

KUH is dit maklik om 'n mening te gee wanneer universiteite min of meer eenstemmig is; dit is moeiliker wanneer universi= teite van mekaar verskil. Begryplikerwyse is dit vir die KUH dan moeilik om 'n besluit te neem: die lede is kollegas, hoofde van universiteite, en die een wil nie aan 'n besluit aandadig wees, wat die ander vir die belange van sý universi= teit nadelig ag nie.

Dit kan met 'n praktiese voorbeeld geïllustreer word. Daar is verskeie universiteite wat graag 'n fakulteit van inge= nieurswese wil hê, of 'n fakulteit van geneeskunde of van veeartsenykunde. Dié fakulteite is almal baie duur, en die Staat sal miskien akkoord gaan dat aan die een of ander universiteit 'n fakulteit goedgekeur word. Nou kan 'n mens begryplikerwyse nie van die KUH verwag om te sê watter universiteit voorkeur moet kry nie.

Maar op die end moet 'n besluit geneem word, en die instansie op wie die groot verantwoordelikheid ten slotte rus, is die ARU, want volgens wet is dit sý taak om die Minister te adviseer. As hy dan na die beste van sy vermoë 'n besluit neem, sal universiteite sy bona fides moet aanvaar, al verskil die besluit met die mening van sommige.

Dit alles lê maar net weer klem op dié punt: met die oog op die sukses van die akademiese werksaamhede van ons universiteite, en by uitstek 'n verstandige vestiging van nuwe studierigtinge, is dit noodsaaklik dat daar in die toekoms hartlike samewerking, goeie begrip en volle vertroue sal wees, eerstens tussen die ARU en die KUH, en tweedens tussen die ARU en indiwiduele universiteite.

Swift: no man will take counsel, but ev. .... money — therefore xx

Joe Louis!

FINANSIëLE AANGELEENTHEDE:

Ons oudste kolleges het dit finansieël maar moeilik gehad. Soos reeds opgemerk is, is in die meeste gevalle private fondsinsamelings gehou, terwyl ook vermoënde groot skenkers - soos Rhodes, Beit, Jannie Marais - skenkings van fondse, geboue of grond gedoen het. Owerigens het die betrokke owerheid, Provinsiaal of Sentraal, geldelik gehelp en byvoorbeeld aanstelling van dosente moontlik gemaak. Ofskoon fondse maar gering en doelstellings beperk was, is daar in hierdie dae goeie bouwerk gedoen, waarop later - soos ons opgemerk het - met vrug verder gebou kon word.

Kort nadat die Unieparlement die drie universiteitswette van 1916 (Nos. 12, 13 & 14) aangeneem het, het hy vir die finansiering van ons universiteitswese in 1917 'n gewigtige voorwaartse stap gedoen, te wete die aanname van Wet No. 20 van daardie jaar, onder die titel Wet op Additionele Regeling van het Hoger Onderwijs. Hiervolgens het universiteite en

universiteitskolleges erkenning gekry as instellings wat op owerheidsteun aanspraak het, en is daar ook voorsiening gemaak vir uitkerings aan hulle vir doeleindes van byvoor=beeld salarisse, onderhoudskoste en rente en kapitaaldel=ging op staatslenings. Hiermee was die grondslag gelê vir 'n bestel wat baie jare sou voortbestaan.

In die praktyk het dit beteken dat universiteite op die basis van begrotings gefinansier is. Elke jaar moes hulle begrotings van inkomste en uitgawes aan die owerheid voorlê; die owerheid moes oortuig word van hul behoeftes; en die verdienstelikheid van hul onderskeie behoeftes moes aange=toon word.

Die stelsel het wel lank bestaan, maar dit het in werklik=heid nooit goed gedeug nie. Tussen owerheid en universiteite het daar omvangryke korrespondensie plaasgevind; verteenwoor=digers van die owerheid (indiwidue of komitees) het universi=teite besoek om plaaslik ondersoek in te stel; universiteite het afgevaardigdes na Pretoria gestuur om hul saak krag by te lê; en 'n groot verskeidenheid van dié aktiwiteite het voortdurend voorgekom.

Die groot moeilikheid was dat daar geen objektiewe beleid was wat op bepaalde beginsels gebaseer was nie, maar 'n ad hoc-reëling wat gerieflikheidshalwe op die bevindings van indiwidue gesteun het. Dientengevolge was daar in

die finansiering van universiteite geen duidelike, konsekwente patroon nie. Universiteite was geneig om te sê dat dié een wat oor die beste spreker of diplomaat of onderhandelaar beskik, of die persoonlike of politieke oor het, ten slotte die beste vaar.

So 'n toedrag is fundamenteel ongewens, en dit het die owerheid ook in 'n dilemma laat beland. Enersyds was hy begerig om universiteite se vryheid en outonomie te respekteer, maar andersyds was hy geroepe om uitspraak te gee in sake wat universiteite soms erg gevoelig geraak het. Die moontlikheid het bestaan - so is deur sommige geoordeel - dat die Staat vanweë sy beheer oor die fondse ~~van~~ en vanweë sy ad hoc-optrede, 'n greep op die universiteite kon kry.

In die jare ná 1916 het die Regering herhaaldelik getrag om 'n bevredigender stelsel van universiteitsfinansiering te vind. Daar is egter maar min welslae behaal, en soms - soos in die depressietyd van die jare dertig - is die ower=heidsbesteding op universiteite kwaai ingekort. Die groot deurbraak het eers in die vyftigerjare gekom: die Holloway-Kommissie voltooi sy belangrike verslag, en die Regering besluit in 1953 om die finansiële beleid wat die Kommissie aan die hand gedoen het, te aanvaar.

Nou het daar vir universiteite 'n gunstige finansiële beleid aangebreek, en het daar in die owerheidsoptrede tegelykertyd veel meer patroon gekom. Leemtes wat later weer aan die lig getree het, is vervolgens, op sterk aandrang van die Komitee van Universiteitshoofde, deur 'n invloedryke nuwe kommissie ondersoek, ~~en~~ die Van Wyk de Vries-Kommissie, 1968 - 1973. Die finansiële bedeling wat universiteite vandag ken, is in hoë mate aan die werk van die Holloway-Kommissie en die Van Wyk de Vries-Kommissie te danke.

Wat lopende uitgawes betref, word universiteite onder die subsidieformule gefinansier. Met inagneming van die getalle studente in die verskillende fakulteite en leergange word vir elke universiteit sy jaarlikse bedrag bepaal. Dit geskied aan die hand van elemente van die formule wat verband hou met uitgawes rakende akademiese salarisse, sentrale administrasie, biblioteek, bedryfskoste in verband met onderrig, en so meer.

Die formule word egter gesien bloot as 'n meganisme om die bedrag vir elke universiteit te bepaal; en as dit gebeur het, kan die universiteit sy uitkering gebruik soos hy goed=vind, slegs met dié beperking dat subsidiegelde nie vir ongesubsidieerde uitgawes aangewend mag word nie.

As daar sulke uitgawes is, dit wil sê uitgawes wat nie onder die subsidieformule subsidieerbaar is nie, moet die universiteit eie, vrye fondse daarvoor aanwend.

Een van die vernaamste verbeteringe wat die Van Wyk de Vries-Kommissie op die formule-begrip van sy voorganger ingebring het, was dat in die bepaling van die waardes van die verskillende elemente, met die werklike lewens= duurte rekening gehou word. Dit bring mee dat die waardes van die elemente telkens jaarliks oorweeg word, en universi= teite aldus gehelp word om inflasie die hoof te bied.

Naas fondse vir lopende uitgawes het universiteite veral ook vir kapitale doeleindes fondse nodig, byvoorbeeld vir die aankoop van gronde, vir die oprigting van geboue, die voorsiening van toerusting, en die skepping van ontspan= ningsfasiliteite. Hiervoor is 'n stelsel van leningsmagti= ging ingevoer. Universiteite lê jaarliks hul aansoeke om goedkeuring van lenings aan die Departement van Nasionale Opvoeding voor, en op lenings wat goedgekeur word, betaal die Staat dan 'n groot deel van rente en kapitaaldelging: tans 85% in die geval van byvoorbeeld gronde en akademiese geboue; en 50% in die geval van koshuise.

Ten spyte van hierdie voorsiening vir lopende en kapitale

Bezuiniging in V.K.

Uitfassering v. depts. v. Russies by Keele, Lancaster, Queen Mary College, Londen, Reading, Sheffield, Sussex en East-Anglia. Groot opposisie, maar U. G. Committee bly by besluit.

"... staff transferred to neighbouring institutions."

[The Times Higher Educ. Supplement 20/6/80]

behoeftes, kla universiteite meermale dat hulle van owerheids=weë nie voldoende gesubsideer word en nie alles kan doen wat hulle noodsaaklik ag nie. Hiervoor het hulle seker soms goeie rede, maar 'n mens moet in gedagte hou dat ons land, met sy menigvuldige behoeftes, gewoonlik met 'n tekort aan fondse te kampe het. Terselfdertyd staan dit vas dat staatsbydraes aan universiteite by ons vandag darem ook al 'n groot omvang bereik het. Die boekjaar 1979/80 gee ons 'n indruk hiervan: in hierdie jaar het die elf blanke universiteite - met inbegrip van die Universiteit van Suid-Afrika - onder die subsidieformule, plus sekere besondere bewilligings, 'n totaal van R236 miljoen ontvang, terwyl hulle goedkeuring gekry het om kapitale lenings ten bedrae van ongeveer R35 miljoen aan te gaan.

Twintig jaar gelede, toe ek nog rektor van 'n universiteit was, het 'n Engelssprekende kollega by geleentheid uitgeroep: "Moneywise South African universities are in the gutter!" Dit mag toe sō gewees het; vandag is dit nie meer sō nie. In werklikheid is die finansiële posisie van ons universi=teite, ten gevolge van die staatsbeleid van die afgelope jare, oor die algemeen vandag beter as dié van baie universi=teite in die buiteland, met name ook beter as dié van universiteite in Groot-Brittanje. [Vgl. besnuiniging in die V.K.]

Terwyl die Staat die selfstandigheid van universiteite

respekteer, is dit egter ook nodig dat hy 'n sekere mate van beheer uitoefen. Immers, openbare fondse word ingevolge magtiging deur die Parlement vir die universiteie beskik= baar gestel, en die owerheid het die plig om toe te sien dat besteding op reëlmatige wyse geskied, spesifiek ooreen= komstig die doelwitte wat die Wetgewer in gedagte gehad het.

Finansiële kontrole geskied langs verskillende weë. Die subsidieformule, wat vir die universiteite enersyds groot voordele meebring, is andersyds 'n beheermeganisme: uitkerings word byvoorbeeld grotendeels afhanklik gemaak van getalle studente in goedgekeurde studierigtinge; en studente in nuwe fakulteite of departemente kwalifiseer vir subsidie slegs as sulke fakulteite of departemente van staatsweë goedgekeur is.

Finansiële beheer geskied ook deur verslaggewing. Universi= teite moet jaarliks aan die Departement van Nasionale Opvoeding 'n begroting van inkomste en uitgawe vir die volgende boekjaar voorlê, asmede 'n hersiene begroting vir die lopende jaar. Hulle moet verder jaarliks geouditeerde state van inkomste en uitgawe, tesame met 'n uitvoerige balansstaat, aan die Minister opstuur, en dié state moet geouditeer wees deur 'n private ouditeur, wat deur die Direkteur-Generaal van die Departement goedgekeur is. Owe= rigens is daar beheermaatreëls veral kragtens die Wet op

Universiteite, 1955 (No. 61). Die Minister kan byvoorbeeld bykomende inligting oor finansiële sake van 'n universiteit aanvra; hy kan hulptoelaes weerhou as 'n universiteit die betreffende bepalings nie nakom nie; en hy kan sekere voorskrifte aan 'n universiteit doen indien so 'n universi= teit se uitgawes sy inkomste in 'n jaar met meer as 5% oorskry.

Die Staat beskik dus oor allerlei beheermaatreëls, maar hierdie maatreëls is bereken om in nasionale belang goeie orde te verseker, en nie om die universiteite onnodig aan bande te lê nie. Net soos in verband met die skepping van universiteitsgeriewe en in verband met die akademiese werk, is die Staat se uitgangspunt nie om tugmeester oor die universiteite te speel nie, maar om binne 'n bestel van wet en orde die beste resultate te bereik.

Die betrekking van die Staat met die universiteit, soos ons dit vandag ken, en in so ver dit op finansiële aange= leenthede betrekking het, het oor 'n lang pad tot ons gekom, en was die resultaat van toegewyde arbeid van die Holloway-Kommissie en die Van Wyk de Vries-Kommissie. Die huidige bedeling het belangrike verdienstes, maar dit is nie volmaak nie, en onder nuwe omstandighede sal daar waarskynlik van tyd tot tyd aanpassings gemaak moet word. Dit sal egter, so ver 'n mens vorentoe kan kyk, vir baie

jare die patroon van ons optrede bly; en dit sal raadsaam wees om nie ligtelik prinsipiële veranderings aan te bring nie.

Terwyl 'n mens aan beginsels hou, is dit ook nodig om verbetering van prosedures na te streef. Een area waar daar ruimte vir verbetering is, is dié rakende die hantering van kapitale lenings aan universiteite.

Die ARU oorweeg aansoeke van universiteite na die beste van sy vermoë, maar dikwels moet hy vind dat hy vanweë 'n gebrek aan betroubare norme nie in staat is om tot goed gefundeerde besluite te kom nie. Eerder as om gebruik te maak van norme van ander staatsinstansies of van buitelandse liggame, wat vir die universiteite nie deug nie, het hy hom daarvoor beywer om binne die Departement van Nasionale Opvoeding vir die universiteitswese geskikte norme opgestel te kry.

Dit het 'n geweldige taak geblyk, waarvoor veral die waar= nemende Direkteur van Universiteitsaangeleenthede (Prof. R H Venter) hom beywer het, en hy ook die hartlike same= werking van die universiteite verkry het. Ons is dankbaar dat die taak vrywel afgehandel is, en dat die nodige ruimte- en kostenorme reeds ingestel is. Dit het aansienlike voor=

dele: byvoorbeeld dat die ruimte wat vir 'n gegewe getal studente in 'n gebou voorsien moet word, nou vooraf objektief bepaal kan word; en dat kostesyfers vir sowel die Staat as die Universiteite vroegtydig bereken kan word.

Aan dié norme sal die betrokke partye hulle in die toekoms moet hou. Universiteite kan egter gerus voel, want, soos reeds geblyk het, is die norme baie redelik. Wil universiteite daarbuite gaan, wil hulle byvoorbeeld groter ruimtes voorsien of duurder geboue oprig, kan hulle dit in elk geval doen, mits hulle self die bykomstige fondse voorsien. Die ARU hou hom daarvan oortuig dat die nuwe stelsel verstandiger besteding van staats- en universtiteits= fondse en terselfdertyd waardevolle hulp vir die universiteite by hul beplanning sal meebring.

Met betrekking tot die subsidieformule is daar sekere punte wat in die toekoms ook aandag sal moet kry. Ons kyk net na 'n paar voorbeelde.

Owerheidsubsidiëring van nagraadse studente, veral magister- en doktorstudente, is nog nie heeltemal bevredigend gereël nie. Tans word hierdie studente onder verskillende vak= groepe as één of meer eenhede vir sekere tydperke gesubsi= dieer, en dié uitgangspunt is suiwer, maar daar sou meer gediffirensieer kan word.

Nagraadse studie verteenwoordig die room van 'n universiteit se werk; 'n eerste graad word dikwels nie meer as voldoende beskou nie, en die kwalifikasies wat gevorderde grade verteenwoordig, word meer en meer vereis. Gevolglik word nagraadse studie vir geskikte kandidate by alle universiteite sterk aangemoedig, en het die aantal nagraadse studente in die jongste jare betekenisvol gegroei.

Nagraadse werk is egter baie duur werk. Hier het ons nie te doen met groot klasse nie, maar met klein groepe, miskien selfs net één student, wat op baie tyd en aandag van 'n senior dosent aanspraak maak. In sekere vakrigtinge, byvoorbeeld natuurwetenskappe, ingenieurswese, geneeskunde en landbou, moet kosbare apparaat voorsien word; en in ander rigtinge, byvoorbeeld taalkunde, filosofie en ekonomie, moet hoogs gespesialiseerde, duur boeke- en tydskrifte-voorrade voorhande wees. Dit is sulke faktore wat nagraadse studie duur maak.

Ons huidige stelsel hou wel hiermee rekening, maar verdere differensiasie is wenslik, waardeur met die besondere eise van die onderskeie vakke meer rekening gehou kan word. Die ARU is hom wel bewus van die probleem, en is ook besig om aandag daaraan te wy.

In verband met die subsidieformule is daar egter 'n veel belangriker punt. Die formule, vanweë omstandighede van die tyd waarin dit ontstaan het en tot nou toe gebruik is, is gebaseer hoofsaaklik op studentetalle: 'n universi= teit se uitgawes word immers grotendeels bepaal deur die aantal studente wat hy het, en wanneer studentetalle toe= neem, moet die formule vir die universiteite dus meer oplewer. Tot nou toe het ons, by die oorgrote meerderheid van universiteite altans, 'n snelle groei van studentetalle ondervind. In hierdie omstandighede het die formule goed gedeug, want dit was die omstandighede waarvoor dit ontwerp was.

Maar nou nader ons 'n tyd van stabilisering van getalle, en by party universiteite het dit blykbaar ook al ingetree. Ons mag, volgens die jongste demografiese studies, selfs 'n vermindering van getalle kry. As universiteite se getalle dieselfde bly, bly hul uitgawes egter nie dieselfde nie: daar is steeds 'n styging, byvoorbeeld deur normale salaris= verhoginge en deur inflasie. En as universiteite se getalle verminder, verminder hul uitgawes nie dienooreenkomstig nie. Ons het nou die probleem wat sekere Europese en Amerikaanse universiteite reeds geruimte tyd al ondervind.

Ons sal verplig wees om in ons subsidieformule faktore in te bou om met stabilisering - en moontlik vermindering - van

studentetalle rekening te hou. Van hierdie vraagstuk is die ARU, en saam met hom die universiteite, maar alte goed op die hoogte. Die ARU is aktief daarmee gemoeid, en het met belangstelling verneem dat ook verskeie universi= teite ondersoek daaroor uitvoer. Ek wil die werk van hierdie universiteite verwelkom, en hulle van harte uit= nooi om vroegtydig met die ARU kontak op te neem.

Daar is nog 'n belangrike, alles-oorheersende aangeleentheid wat nie agterweë gelaat kan word nie, te wete die vernieti= gende werklikheid van inflasie. Ons het reeds daarop gewys dat die elemente van die subsidieformule jaarliks bekyk word, in 'n poging om die uitwerking van inflasie te neutra= liseer. Ons moet egter ruiterlik erken dat dit 'n groot vraag is of ons só sal kan voor bly.

Wat is die feite waardeur ons gekonfronteer word? Ons het 'n inflasiekoers van ongeveer 14% per jaar. Laat ons vir die toekoms 'n "redelike" koers van 12½% veronderstel. Dan beteken dit dat dit Staat op grond van die reeds genoemde syfers van staatsfinansiering vir die boekjaar 1979/80, as hy die universiteite finansieël nie wil inkort nie, jaar= liks omtrent R30 miljoen méér vir die universiteite sal moet bewillig. Ook vir Kap. lenings!

Die syfer kan met verloop van tyd selfs veel hoër wees. Met die bedrag van R30 miljoen veronderstel ons dat daar by universiteite geen groei sal wees nie; en ons neem ook nie in aanmerking dat die uitwerking van inflasie progressief en saamgesteld is

nie. Bo en behalwe die R30 miljoen in 'n bepaalde jaar sal telkens ook 12½% bygevoeg moet word op die addisionele R30 miljoen van die vorige ~~jaar.~~ jare.

'n Mens kan wel vra: Waar moet die fondse vandaan kom? Dis 'n sombere beeld, wat selfs nog somberder word as ons in gedagte hou dat daar in sterk toenemende mate ook vir nie-blanke universiteite gesorg sal moet word; immers, volgens betroubare projeksies sal die getal manlike nie-blankes met matriek - of 'n gelykwaardige sertifikaat - dié van die blankes ongeveer 1990 oortref, en daarna sal dit ook nog weer vinniger as dié van die blankes toeneem.

Ons weet egter dat daar baie imponderabilia in die toekoms verskuil lê, en dat ons nouliks nou al met stelligheid konklusies oor allerlei detailsituasies kan waag. Dit staan nietemin bo alle twyfel vas: oor toekomstige finansiering sal daar tussen owerheid en universiteite intieme skakeling en positiewe begrip moet wees; en dis veral kruipende inflasie wat hulle onverbiddellik hiertoe sal dwing. In hierdie verband sal daar - soos ons ook al in ander verband gesien het - groot verantwoordelikheid op die ARU rus.

Hiermee het ons nou aandag gewy aan die drie hoofpunte wat aan die begin genoem is: skepping van universiteitsgeriewe, akademiese werk, en finansiële aangeleenthede. Die behandeling is hoegenaamd nie volledig nie, maar tipiese relevante

verskynsels is aan die orde gestel om die betrekking Staat/Universiteit op die voorgrond te plaas.

Kyk ons in die voëlvlug terug, spreek veral twee groot oorkoepelende sye van ons tema tot ons:

Ten eerste:

Die Staat beskik oor die onmisbare fondse, en kragtens sy wese is hy geroepe om dit in die nasionale belang - dit wil sê soos hy die nasionale belang sien - aan te wend. Die owerheid het 'n verantwoordelikheid om sy open=bare taak op onverskrokke wyse uit te voer, ook ten aansien van die universiteite. Maar die Staat sal hom terdeë daar=van bewus moet bly dat universiteite nasionale bates is, wat hy nie kan ontbeer nie. Daarom sal die Staat moet sorg dat die universiteite nie krenterig behandel word nie, al gebeur daar by universiteite soms ook dinge waarvan die owerheid van die dag nie hou nie.

Ten tweede:

Universiteite sal die posisie en verantwoordelikheid van die Staat moet begryp, en veral moet insien dat die Staat 'n onontwykbare taak in verband met nasionale finansies het. Dit is die plig van die universiteite om vreesloos vas te staan wanneer hul vryheid of outonomie aangetas word,

maar terselfdertyd sal hulle moet besef dat hierdie vryheid en outonomie deur die wese van hul bestaan as akademiese lewensverbande, begrens word. Hulle sal die Staat moet bystaan wanneer dit om die besteding van fondse gaan wat die Staat tot hul beskikking stel; en universiteitsrade - met name ook die lekelede daarvan - sal moet begryp watter verantwoordelikheid in geldelike sake op hulle rus. Universiteite moet, binne die raam van die omstandighede waarin hulle optree, solvent bly; en dit is die Rade se taak om toe te sien dat dit gebeur. Vind hulle dat dit onmoontlik word, het hulle rede - en ook die plig - om, by voorkeur deur die KUH, na die owerheid te gaan en dit onomwonde te sê.

As iemand my sou vra: Wat van die toekoms? - dan sou ek sê: Ons het ons probleme, maar ek kyk met vertroue vorentoe!